

BENUT JOU BOS EN BOME MEER DOELTREFFEND

Nuusbrief - Januarie 2018

Frederick van der Walt

Groot dele in die Suide van Afrika het 'n probleem met te hoë bos- en boom belading. Voor die plase bewoon was deur komersiële boere, het die natuur deur middel van veldbrande die bosgetalle beheer.

In vandag se tyd kan dit beheer word deur gifstowwe wat 'n aktiewe bestanddeel van Bromacil of Tebutiuron bevat.

Die nadeel is egter dat dit jou 'n groot hoeveelheid kapitaal kan kos wanneer die bos- en boom belading baie hoog is.

Die meeste bos- en boomplante bevat looisuur (Tanniene) wat plante beskerm teen virus- en swaminfeksies.

Looisuur is ook 'n beskermingsmeganisme teen oorgebruik van wild en vee.

Daar is twee tipes looisuur wat van belang vir diere is:



- Gekonsentreerde looisuur (Tanniene) – lei tot verhongering, omdat die proteïene in die blare gebind word
- Hidroliseerbare looisuur (Tanniene) – wat tot die dood van diere kan lei deurdat gifstowwe in die lewer van die dier opbou

Polietileenglikol (PEG) reageer teen gekonsentreerde looisuur deurdat dit 'n waterstofbinding met die suur vorm wat die bestaande proteïen-looisuur kompleks opbreek wat dan

'n PEG-looisuur kompleks vorm. Hierdie proteïen is nou beskikbaar vir gebruik deur die dier.

Polietileenglikol (PEG) herstel rumenfunksie en verhoog mikrobe-populasie.

Looisuur het die vermoë om baie van die rumenmikrobe te laat afsterwe omdat die looisuur verhoed dat die organismes proteïene opneem. Deur die afbreekbare proteïen beskikbaar te stel aan die die rumen-mikrobe, herstel en verhoog die mikrobe-populasies in die rumen.

Die produk **Bosverteerlek** van Veekos bevat die chemiese bestanddeel PEG.

Die proteïeninhoud van die lek, plus die werking van die chemiese bestanddeel, verbeter die dier se totale proteïenbenutting.

Bosverteerlek is 'n klaargemengende onderhoudslek vir alle herkouters (bees, skaap en bok)

BUSH IMPROVER LICK BOSVERTEERLEK

Reg. No. Namibia: NNF-461
Klas: Proteïen-Mineraalaanvulling vir Herkouters
Class: Protein-Mineral Supplement for Ruminants

Samestelling/Composition

	Eenheid / Unit	Min	Max
Proteïen / Protein	g/kg	250	
Proteïen / Protein ex NPN (total)	g/kg		70
Urea / Urea	g/kg		50
Moisture / Vog	g/kg		120
Crude Fibre / Ru vesel	g/kg		100
Calcium / Kalsium	g/kg		30
Phosphorus / Fosfaat	g/kg	12	
Magnesium	mg/kg	1 500	
Sulphur / Swael	g/kg	6.25	
Copper / Koper	mg/kg	32.5	
Manganese / Mangaan	mg/kg	100	
Zinc / Sink	mg/kg	160	
Cobalt / Kobalt	mg/kg	1.5	
Iodine / Jodium	mg/kg	2.4	
Selenium	mg/kg	0.7	
Vitamiën / Vitamin A	IU/kg	9 000	
Tannin inhibitor / Taniën inhibeerder	g/kg	4	

Veekos
Jou Kwaliteit Oplossing

Tel: 0 54-331 1351 • Fax: 054-332 5959
info@veekos.co.za • www.veekos.co.za

wat bos en blare beter moet benut.